Tema: Die Heilige Gees verander ons geloofslewe van ’n woestyn na ’n groen, vrugbare tuin vol vrugte!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 334: 1, 2, 4
Lied 525: 1, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied en votum: Ps. 67–2: 1
Seën
Lofsang Ps. 92–2;1, 2, 5
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Jesaja 32
Teks: Jesaja 32 : 15
Belydenis: HK Sondag 18 vraag 49 – 51
Sing Ps. 85–1: 3, 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Geleentheid vir refleksie op die dag se eredienste
Sing Ps. 67–2: 2, 3
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Word jy ook aangegryp deur die wonder van lente hier in Potchefstroom? Die hele winter deur lyk die natuur amper soos ’n woestyn, droog, bruin en dood! En ewe skielik begin alles verander! ’n Boom wat die hele winter met sy kaal takke sonder blare staan, verander byna oornag in ’n groen wonderwerk. Duisende klein blaartjies verskyn sommer so uit die niet en oortrek die droë boom en verander dit in ’n lus vir die oog.

Net so ook vrugtebome wat skielik oortrek is met die mooi bloeisels en klein vruggies wat na vore kom. Alles verander!
Geliefdes: Net so verander God ook sy kinders se lewe. Die Heilige Gees verander ons geloofslewe van ’n woestyn na ’n groen tuin vol vrugte. Kom ons onderwerp ons aan die lente van die Gees sodat ons ook vol groen blare en vrugte vir die Here en vir mekaar kan wees

Dit is God se boodskap vanaand vir ons : word vernuwe deur die Heilige Gees!! Laat God die Gees sy wonderwerk in jou tot volle ontplooiing bring deur jou tot ’n vrugteboord vir God te verander.

Jesaja teken in die eerste plek die woestynsituasie in die lewe van die volk. Die absolute dooie situasie in die volk se lewe. Hy vertel in vers 10 – 11 van hulle lewe van valse gerustheid. Hulle dink alles gaan goed,maar eintlik is alles in ’n doodloopstraat. Alreeds in Jesaja 22: 13 het Jesaja die volk hierteen gewaarsku. Daar skryf hy van hulle gesindheid om onbesorgd te lewe en alles te geniet want more gaan hulle dood!

Die volk leef in hierdie valse gerustheid terwyl alles nie so goed gaan nie. En Jesaja spel dit vir hulle uit. Hy verwys na die politieke situasie van die tyd. In Hf 30 en 31 wys hy die volk daarop dat hulle meer op Egipte vertrou vir hulle politiese voortbestaan as op die Here. En dit is ’n valse vertroue – Egipte sal hulle nie kan help nie.

Jesaja wys voorts op hulle godsdienstige lewe wat in selfgerustheid verval het. In ons tekshoofstuk vers 3 – 8 sê hy: hulle is blind vir die ware toedrag van sake. Hulle het geen kennis van wat reg is nie en niemand verkondig die Woord van God nie.

Ook wys Jesaja hulle op hulle maatskaplike woenstynsitasie. Hulle pleeg onreg en is oneerlik in hulle handelsbedrywe. Hulle ontferm hulle nie oor die armes en hulpeloses nie. Die volk se lewe was vasgevang in ’n dooie, lewelose woestynsituasie en hulle het nie omgegee nie. Hulle was gerus – vir hulle was alles reg, terwyl hulle geen vrugte vir die Here gedra het nie.

En nou stuur die Here vir Jesaja om hulle te waarsku. Hy waarsku hulle in vers 10: binnekort, oor bietjie meer as ’n jaar sal ’n vreeslike lot hulle tref. Jesaja verwys hier na die inval van koning Sanherib in Juda. Hierdie inval is God se straf oor hulle onvrugbare, woestynlewe. En dit gaan verskriklike gevolge vir hulle hê: In vers 10 – 14 word hierdie gevolge geskets: geen oeste nie, geen weiding nie, lande vol onkruid, ’n stad verlate waar wilde donkies wei, Die vrolikheid en uitspattighede maak plek vir verlatenheid – vir niks.

Geliefdes, sien u die prentjie van ’n woestynlewe, gebore uit die mens se sondige begeertes en optredes? En God laat dit nog erger word in die wyse waarop Hy hierdie soort lewe oorgee aan die woestynvernietiging.

Daarom moet ek myself afvra: wat is aan die gang met my geloofslewe? Sit daar nie tog ook kenmerke van die woestynsituasie in my geloofslewe nie? Nie net in my lewe nie, maar ook in ons kerklike lewe!! Dat ons dalk selftevrede is met ons geloofslewe en ons kerklike lewe want ons meet met ons eie standaarde en nie met God se standaarde nie?

Is ons nie ook as kerk en gelowiges dikwels blind vir die sosiale onreg wat rondom ons aangaan nie? Is ons regtig bekommerd oor die swakkes en oues in ons gemeenskap of leef ons maar net elkeen vir onsself?

Net soos in Israel se geval laat ons geloofskennis veel te wense oor. Ons ken nie meer die Bybel nie en dit pla ons ook nie regtig nie, want ons doen nie iets daadswerkliks daaraan nie. Dit blyk tog duidelik uit ons kerklike lewe: die eredienste wat swak bygewoon word, die min belangstelling in Bybelstudie en Bybelkennis.

Ons kerk word ook nie gekenmerk as ’n kerk wat deur die genade van God aangegryp is nie en daarom bereid is om die evangelie van waarheid te verkondig nie. Ons kerklike lewe word eerder gekenmerk deur verskille oor sake wat nie van wesentlike belang is nie, terwyl die wêreld in die duisternis rondtas en aan die duiwel oorgelaat word.

Die maatstawwe waarmee God meet is gehoorsaamheid, toewyding, geregtigheid, liefde en die uitdra van die evangelie!!! Daarom brs en srs, die vraag: hoe lyk my geloofslewe, hoe lyk ons kerklike lewe: is dit ’n woestyn of ‘n vrugteboord?

Geliefdes, in dankbaarheid vir die genade wat ons ontvang het, kan daar tog net een antwoord wees. My geloofslewe moet ’n vrugteboord wees!!! En nou is die wonder van God se genade dat Hy dit nie net van my verwag nie, maar Hy stel my ook deur die Heilige Gees in staat om vir hom ’n vrugteboord vol vrugte te wees. God die Heilige Gees verander ons sodat ons nie ’n woestyn is nie, maar ’n vrugteboord!!

Hoe doen Hy dit?
Jesaja profeteer in vers 1 van ’n koning wat reg sal laat geskied. Hy verwys natuurlik eerstens na ’n koning in die geskiedenis van Israel wat reg opgetree het. Maar hierdie is ’n profesie van Jesus Christus, ons Koning, wat reg laat geskied. Christus wat met reg en geregtigheid regeer.
Hierdie profesie het in vervulling gegaan met Christus se koms na die aarde, met sy kruisiging, se sterwe, opstanding. Daarmee het Hy ons voor God geregverdig. Christus het met sy gehoorsaamheid ons lewer voor God reggestel.

Met sy hemelvaart regeer Hy oor die hele wêreld en wil Hy dat reg sal geskied. Ook deur my lewe – dat ek vrug vir God kan dra! En hier leer die Kategismus ons dat die vrug van Christus se hemelvaart is dat Hy Heilige Gees op ons uitstort deur wie se krag ons soek na wat Christus wil! Deur my geloof in Hom –deel ek daaraan. Nou kan ek deel aan die nuwe lewe van die koning!

Luister mooi! Hier is die evangelie! Die goeie nuus! In vers 15 staan daar Hy het die Heilige Gees op my “uitgestort” wat my oorvloedige vrugte laat dra. Die Gees is op my “uitgestort”!! In volle ryke en oorvloedige mate!! Hy is op my leeggemaak sodat ek van Hom vol kan wees. En Hy vernuwe my gees sodat ek nie meer wil doen wat my sondige natuur wil nie – maar wat God wil hê ek moet doen – en so dra ek vir God vrugte. Net soos die Here in die lente alles verander – so verander die Gees alles in my lewe.

Maar nou kan ’n mens vra: maar waarom dan nog die woestyn in my? Die Skrif leer ons in Gal 5: my gees stry teen die Heilige Gees. Ek wil vanuit my sondige natuur ’n woestyn skep terwyl die Gees ’n vrugteboord wil plant.

Daarom geliefdes, roep die Here ons vanaand op; Gee jou ten volle oor aan die leiding van die Gees in jou lewe!! Luister as die Gees deur die Woord met jou praat, wees Hom gehoorsaam en jy sal die wonder van die vrugte in jou lewe sien en ervaar!!!

Wat is hierdie vrugte volgens ons tekshoofstuk?
Vers 2 – Vlug na Christus, my Koning en my geregtigheid voor God. Hy word vir my ’n Rots om in te vlug.
Vers 3 – soek na kennis en insig. Leef met die Woord en leef daarvolgens! Wees gewillig om te leer en doen wat God sê.
Vers 4: nou is ek nie meer ’n hakkelaar nie – maar iemand wat vrymoedig van Christus vertel.
Vers 6 die vrugte van barmhartigheid en ontferming oor die ellendiges rondom my. Dat ek raaksien, jammer kry en help
Vers 7 vrugte van eerlikheid en hulpvaardigheid
Vers 8 vrug van opregtheid.

Dit is, br en sr, is die vrugte wat God in ons boord laat groei! En kyk net die heerlike resultate van hierdie geloofsvrugte wat in verse 17 – 20 vir ons geteken word:

1. Reg en geregtigheid wat seevier op elke terrein.
2. Geestelike vrede – nie meer vrees en onrus in my gemoed maar die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.
3. Sekuriteit: nie meer ’n valse gerustheid nie, maar ware sekuriteit in God se genade
4. God se seën op my geestelike lewe en my fisiese arbeid

Dit is die heerlike beloftes van God aan my as die Gees my geloofslewe van woestyn tot vrugteboord verander!

Br en sr, kom ons gee ons dan al hoe meer oor aan die Gees van God. Kom ons hou op om ons eie wil te volg en toe te laat die sondige natuur in ons ’n woestyn van ons bestaan maak. Kom ons laat die Gees ons vernuwe deur :

1. Te erken dat Christus my Here is,
2. Deur waarlik gehoorsaam te wees aan die leiding van die Gees
3. Deur teen my eie begeertes te stry en oor te gee aan wat die Gees wil.
4. Deur te bid dat die Gees meer en meer beheer van my lewe sal neem.

So, sal ons ervaar hoe die heerlike reen van die Gees ook van my en my omgewing ’n vrugteboord vol vrugte maak.

Amen